

ST. RUFUS & ST. ZOZIMUS

18 DESEMBER

(sterf c. 107)

Hierdie twee vroeë Christen martelare was afkomstig uit Antiogië en is saam met die heilige biskop Ignatius tydens die vervolginge onder keiser Trajanus na Rome gebring, waar hulle twee dae vóór hom vir die wilde diere in die arena gegooi is en hul geloof met hul marteldood bevestig het. St. Polycarpus skryf as volg oor hulle: *“Hulle liefde was nie vir hierdie wêreld nie, maar vir Hom wat vir ons gesterf het en deur God uit die dood opgewek is.”*

